



Ons vermeerder God se vreugde!

Reisbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap
Geskrif deur Johannes Nortier

3 Maart 2022

Gedagte vir die week:

As jy altyd wil reg wees, sal jy nie lank en gelukkig in enige verhouding wees nie.

Vertretpunt:

Handelinge 4:1-37

Meditasie uit die Woord:

Sekere dinge verstaan 'n mens nie. Sommige dinge kan/wil 'n mens net nie glo nie. Ek kan byvoorbeeld nie vir een oomblik dink dat 'n mens wat met 'n geestelike ingesteldheid lewe, nie saam kan bly wees wanneer 'n verlamde man na 40 jaar kan loop nie. Ek kan byvoorbeeld nie dink dat 'n geestelike leier (priester) mense wat instrumenteel is in die genesing van 'n ander mens wil aanrand, vervolg, in die tronk wil stop en wil verbied nie. Wat vir my die heel moeilikste is om te verwerk is dat dit gedoen word vanuit "godsdiens". Dit is nie net vir my moeilik om te verstaan nie, dit is vir my onmoontlik, en dit maak my naar. Toe ek hierdie week die teks lees het ek weer gedink aan "godsdiens is gevaarlik"! Ek het gedink aan "kerk"-vergaderings waar ek al was, en waar mense rooi in die gesig raak en hulle stemme verhef en klink soos mense wat mekaar haat, net omdat hulle nie mekaar se verskillende verstaan van dieselfde saak kan verdra nie. Ek het gedink aan hoe die NG Kerk vir oom Beyers Naude die deur gewys het net omdat hy Die Bybel nie met 'n apartheidsbril kon lees nie. En ek dink daaraan hoe in die NG Kerk daar tans op 'n onverkwiklike wyse debat gevoer word oor seksualiteit. Jare gelede het swart mense soos die verlamde man in Handelinge 4 na ons kerkdebatte geluister en seker gewonder hoe ons só eksklusief kan praat oor ander mense se velkleur. Vandag staan ander mense weer soos die verlamde man van Handelinge 4 en wonder oor hoe die kerk dit regkry om so oor ander mense se seksualiteit te praat. Ek wonder maar net: Wanneer sal die kerk sy les leer? Wanneer? Wanneer? Miskien moet ek eerder vra: Wanneer sal ek my les leer? Wanneer? Wanneer?

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 06 Maart 2022 om 09:30 hou ons 'n reisgesprek in die kerkgebou. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/DTo1zBUkh5M>

Meditasie uit die Lewe:

Ons gesels tans in ons leiersgroep oor die gemeente se indentiteit. Ons doen dit met die oog op die toekoms omdat ons glo dat 'n mens moet weet wie jy, om getrou aan jouself, op pad te wees. Die indentiteit van 'n gemeente is eenvoudig gestel, die hartklop van 'n gemeente. Ek gaan elke week 'n klein deeltjie van die gesprek met jou deel. Dit is dinamiese gesprek en jy mag daaraan deelneem deur te reageer via enige kanaal van jou keuse. Hier volg die eerste gedeelte:

God	Ons glo in die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. <ul style="list-style-type: none">• As Vader is Hy ons eerste Bron van geloof (lirieke)• As Seun is Hy ons enigste lewensmodel (melodie)• As Heilige Gees is Hy ons voltydse begeleier (dirigent)
Kerk	Die kerk/gemeente is die koor wat God se woorde sing op Jesus se melodie olv die Heilige Gees. Ons sing ons liedjie in die agtergrond van die lewe net soos wat sout weggesteek, maar duidelik proebaar, in die ondergrond van kos lewe.

Aantekeninge:

1. 'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek.
2. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com**